# Hoofstuk 5

# Opbou ná die Anglo-Boereoorlog en die aanloop tot Uniewording, 1903-1909

## Inleiding

Ná die Anglo-Boereoorlog het dit treurig met die Afrikaners in Transvaal gegaan. Dorpe en plase was verwoes en ŉ droogte het sake vererger. Terwyl Engelenburg nog in Europa was, het amptenare van die Britse regering hom kennis gegee om *De Volksstem* se gebou te ontruim omdat hulle dit nodig gehad het. Hulle sou hom geldelik daarvoor vergoed. In 1903 het Engelenburg na Suid-Afrika teruggekeer. Terug in die land het hy die Caledonian-gebou in St. Andriesstraat gekoop en die toerusting soontoe oorgeskuif. Van 1904 af is die koerant van daardie perseel uitgegee. Die Afrikaners het in 1904 ŉ politieke ontwaking beleef as gevolg van die Engelse regering se beleid om Nederlands in die skole af te skaf en Chinese in te voer om in die myne te werk. Die CNO-skole (Christelik Nasionale Onderwys) is in die lewe geroep en is gefinansier met die ZAR-geld wat dr. Leyds in Europa in trust gehou het. In *De Volksstem* het Engelenburg die stryd teen Milner en sy regering gevoer. Hy het Gustav Preller as assistentredakteur aangestel, asook die knap joernalis Frederik Rompel. Engelenburg se huis in Arcadia is aan die begin van 1904 voltooi. Hy was sy lewe lank ŉ kultuurbevorderaar en as kunskenner het hy ŉ groot rol gespeel in die bevordering van die visuele en uitvoerende kunste. Hy het menige jong kunstenaars op die been gehelp deur hulle werke aan te koop en die publiek se waardering vir kuns aan te wakker. Sy huis was behang met kunswerke, wat tans die kern van die Engelenburgkunsversameling vorm.

In 1905 het die Afrikaners ŉ politieke party, die Het Volk-party gestig. Generaals Louis Botha en Jan Smuts het in dieselfde jaar aandele in Engelenburg en Izaak Wallach se besigheid bekom. Die nuwe maatskappy was nou die Wallach's Drukkers en Uitgewers Maatschappij Beperkt en *De Volkstem*[1] het die mondstuk van die party geword.

[1] In April 1905 het die een "s" in *De Volksstem* verdwyn, waarna dit bekend gestaan het as *De Volkstem*.

Nadat oudpresident Kruger in 1904 gesterf het, is sy gebalsemde oorskot na Suid-Afrika gebring, waar dit op 16 Desember in Pretoria begrawe is. Engelenburg het deel uitgemaak van die begrafniskomitee. Ongeveer twee jaar daarna het Transvaal selfregering gekry. Die verkiesing in 1907 in Transvaal het daartoe gelei dat generaal Louis Botha as eerste minister van die Transvaalkolonie aangewys is. Die tyd was ryp vir die vier kolonies, Kaap, Transvaal, Vrystaat en Natal, om te verenig. In 1909 het die Nasionale Konvensie ŉ grondwet vir ŉ verenigde Suid-Afrika opgestel. ŉ Deputasie van verteenwoordigers uit al vier die kolonies het dit in Londen gaan voorlê aan die Engelse regering, wat dit toegestaan het. Engelenburg het generaals Botha en Smuts in Londen as tolk en vertaler en as sekretaris bygestaan.

**Gebeure kort ná die Anglo-Boereoorlog**

Die Anglo-Boereoorlog (ABO) was ŉ waterskeiding in die geskiedenis van die Pretoriase Nederlanders: voor die oorlog in ŉ bevoorregte posisie, beny deur Afrikaners en Engelssprekendes; ná die Vrede van Vereeniging in 1902 nie meer in leidende funksies nie, geminag deur die Britse bevolkingselement en met taamlike onverskilligheid deur die Afrikaners bejeën en dit in ŉ land wat hulle help opbou het. Eers met die verlening van selfregering aan Transvaal in 1906 en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 sou bovermelde drie bevolkingselemente weer nader aan mekaar beweeg.[2]

Met die Afrikanergemeenskap het dit ná die oorlog treurig gegaan. Hulle staatkundige onafhanklikheid was verlore, ruim 12% van die blanke bevolking het omgekom en die materiële skade was, as gevolg van die Britse militêre taktiek van ŉ verskroeideaardebeleid, enorm.[3] Verwoeste plase, verbrande huise en verwaarloosde grond het sy tol geëis en vir almal was dit ŉ geweldige stryd om ŉ bestaan te maak. Die instroming van ŉ sterk vreemdelingelement, veral van Engelse, meestal geskoolde en ervare persone, het die lewe vir die Afrikaners baie moeilik gemaak. Die getal armblankes onder die Boerebevolking het toegeneem.[4] Ná vredesluiting was dit baie droog in die land en ongunstig vir

2 R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890–1918, pp. 25-26.

3 B.J.H. de Graaff, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners 1902-1930*, p. 27.

4 F. Pretorius, "Almal se oorlog: die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, pp. 253-254. Sien ook R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890–1918, pp. 25-26.

boerderybedrywighede. In daardie dae van beproewing het almal redding gesoek in harde werk om hulle lendelam sake weer in orde te bring. Elkeen het op sy manier probeer om ŉ bestaan te maak.[5] Grondpryse in die dorpe het die hoogte ingeskiet weens ŉ wanvoorstelling van ongekende voorspoed wat gewag het. In die twee voormalige republieke was feitlik geen vee nie, want feitlik alles is gedurende die oorlog verbruik of voor die voet deur die Britte doodgeskiet. Die ernstige droogte het die boere daardie eerste jare ná die oorlog verhinder om hulle vee te vermeerder, met die gevolg dat "ysvleis", asook ingelegde produkte van Australië ingevoer is.[6]

**Eugène Marais en *Land en Volk***

Die drukpers in Transvaal moes ná die oorlog ook weer aan die gang kom. Eugène Marais het kort ná vredesluiting uit Europa na Pretoria teruggekeer, maar hy wou nie meer koerantredakteur wees nie en het Gustav Preller aangestel as redakteur van *Land en Volk*. Marais, wat malaria in Oos-Afrika opgedoen het, het gereeld koorsaanvalle gekry. As eienaar van die koerant het hy die besigheid uit sy siekbed bestuur. In daardie stadium was *Land en Volk* die enigste Afrikaanse koerant wat toegelaat is om weer te begin, met geld wat deur die Britse regering voorsien is om die koerant weer aan die gang te kry en onder streng voorwaardes. Marais het egter ŉ anti-Britse houding ingeneem. Deur middel van die koerant het hy daarna gestreef om die Afrikaanse volk te verenig en te versterk. Preller is gedurende die oorlog gevange geneem en na Indië gestuur, en het ook eers ná die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer. Hy was die Britse regering dus nie goedgesind nie en het dit selfs oorweeg om hom in Argentinië te gaan vestig. Hoofartikels en berigte wat in *Land en Volk* verskyn het, het die nuwe regering ontstig en menigmaal het Alfred Milner (1854-1925) vir Marais laat kom om hom te probeer oorreed om Engels te bevorder en om die owerheid by te staan. Milner het ŉ belangrike rol gespeel in die voorspel tot die Anglo-Boereoorlog. Ná die oorlog is hy aangestel as die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika en goewerneur van Transvaal en die Oranjerivierkolonie. Hy wou die Britse gesag konsolideer deur ŉ verenigde Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk tot stand te bring. Die vernaamste aspekte van sy beleid was die heropbou en ekonomiese herstel van Transvaal en die Vrystaat, verengelsing (deur middel van die

[5] F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 111.
[6] Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 23.05.1917.

onderwys en die vestiging van Britse immigrante) en kroonkoloniebestuur met as doelwit die totale verengelsing van Suid-Afrika.

Intussen is Marais deur sy ou vriend Ewald Esselen (1858-1918) en twee van die Boere-generaals, Jan Smuts en Louis Botha, genader. Hulle wou *Land en Volk* koop. Marais het hom in ŉ moeilike situasie bevind. Die aanbod was uiters aanloklik, maar die verstandhouding was dat *Land en Volk* nie sonder oorleg met die nuwe owerheid aan ŉ derde party verkoop kon word nie. In ag genome al die probleme waarmee dié blad in daardie dae moes worstel, was dit nie naastenby ŉ volwaardige koerant nie. Min mense het dit so goed besef en die lotgevalle van *Land en Volk* in daardie dae so noukeurig dopgehou as Engelenburg, Marais se ou vyand en mededinger van voor die oorlog.[7] Engelenburg was toe nog in Europa en is waarskynlik deur Izaak Wallach op die hoogte van sake gehou.

### *De Volksstem*-gebou val in Britse hande en Engelenburg keer terug na Suid-Afrika

Izaak Wallach het laat in 1902 in Suid-Afrika aangekom. ŉ Aansoek deur hom om die drukkery van *De Volksstem* te heropen is deur sir Patrick Duncan[8] (1870-1943), sekretaris vir binnelandse sake, goedgekeur op voorwaarde dat die regering nie gekritiseer word nie. Die voorwaarde was vir Wallach onaanvaarbaar. In November 1902, ses maande ná die vredesluiting, het die nuwe regering kennis gegee dat hulle die wysigingskontrak wou kanselleer wat Engelenburg tydens die oorlog met die ZAR-regering aangegaan het. Die *Volksstem*-kantore in Pretoriusstraat is voor die oorlog opgerig op gehuurde grond wat aan die regering behoort het. Terwyl Engelenburg nog in Europa was, is hy opdrag gegee om die kantore te ontruim. Die Milner-administrasie het die standpunt ingeneem dat dit noodsaaklik was om self die *Volksstem*-gebou in gebruik te neem. Hulle het hulle beroep op Transvaal Proklamasie No. 26 van 1901, wat Milner uitgevaardig het. Daarin is geproklameer dat enige vervreemding van eiendom, grond, spoorweë, myne of mynregte in Transvaal wat ná 19 Maart 1900 aangegaan is, van nul en gener waarde was. By implikasie het dit beteken dat die nuwe

---

[7] L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, pp. 160-173.

[8] In 1901, tydens die Anglo-Boereoorlog, is Patrick Duncan deur Alfred Milner gewerf om hom aan te sluit by die span jong administrateurs, wat later as Milner se Kindertuin bekend gestaan het, om die Brits-besette Transvaal te bestuur en te verengels. Duncan was koloniale sekretaris van Transvaal van 1903 totdat die kolonie in 1907 selfbestuur verkry het. Hy het ŉ belangrike aandeel aan die repatriasie van oudkrygsgevangenes gehad en in die maatskaplike en geldelike heropbou van die voormalige Boererepublieke.

Transvaalse regering nie die wysiging van die kontrak wat Engelenburg op 17 Mei 1900 aangebring het, as geldig aanvaar het nie.[9] In die hersiene kontrak het hy seker gemaak dat hy die grond vir ŉ volle 21 jaar kon huur en dat die regering nie die huurkontrak summier kon opsê nie.[10]

Engelenburg het kennis gekry om die perseel voor 28 Februarie 1903 te ontruim. Die nuwe regering was bereid om vir Engelenburg die koste van die gebou uit te betaal, maar dat die bedrag nie £4 000 sterling te bowe sou gaan nie.[11] Van 15 Mei 1902 was die sleutels van die gebou in besit van die departement van gesondheid. ŉ Gedeelte van die gebou is gebruik as stoorruimte vir ontsmettingsmiddels.[12]

In Januarie 1903 was Engelenburg steeds in Europa. Nadat hy al sy sake in Brussel en Utrecht afgehandel het, het hy op 7 Januarie na Londen gegaan, waar hy probeer het om ŉ skip te kry om hom na Suid-Afrika te bring. Sy versoek om terug te keer is telkens geweier. Onder die skuilnaam "Herr Frederick" het dit hom geluk om met ŉ Duitse boot Kaapstad te bereik. In Kaapstad het hy in die Royal Hotel tuisgegaan. Hy het ŉ ou kennis, sir Walter Hely-Hutchinson (1849-1913), goewerneur van die Kaapkolonie, opgesoek, wat hom dadelik toegelaat het om na Transvaal te gaan.[13] Die permit is op 2 Februarie 1903 in Kaapstad aan hom uitgereik en sy nasionaliteit is as "British" aangeteken.[14] Die volgende staaltjie het later in ŉ koerant verskyn: Ná die ondertekening van die vredesverdrag was Engelenburg gretig om na Pretoria terug te keer. Omdat hy nie outomaties ingevolge die voorwaardes van die Vrede van Vereeniging ŉ Britse onderdaan geword het nie, was dit nodig dat hy die eed van getrouheid aflê, wat hy baie opgeruimd in Kaapstad gedoen het. Die volgende dag het hy per trein na Pretoria gereis. Saam met hom in die kompartement was twee jong manne wat geargumenteer

---

9 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Transvaal Proklamasie no. 26 van 1901; en Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, G.H. Fowke – Manager, Tvl. Banking & Comm. Corp. Ltd., 17.11.1902.

10 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Wysigingskontrak no. 72, R.8127/98.

11 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, G.H. Fowke – Manager, Tvl. Banking & Comm. Corp. Ltd., 17.11.1902.

12 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), (Departement van Openbare Werke (PWD), 53, verw. 4685, G, Turner – J.[I.] Wallach, 21.11.1902. (I. Wallach se voorletter word verkeerdelik as J. Wallach gegee.)

13 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 21.

14 NASA, Pretoria, Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, Permit to enter and reside in the Transvaal and Orange River Colony, 02.02.1903.

het oor die baie foute wat die Britse leër gedurende die oorlog begaan het. Oor 'n sekere punt het hulle hul tot Engelenburg gewend en gevra:

> 'What d'you think sir?' 'Ah! Yes,' het die doktor hulle geantwoord, 'Are not we British fools?'[15]

Vroeg in Februarie 1903 het Engelenburg in Pretoria verskyn. Nie net die Afrikaners moes ná die oorlog opnuut van die grond af begin nie, hulle koerant, *De Volksstem*, moes ook. Engelenburg se grootste uitdaging was om die koerant weer te begin uitgee. Hy was vasbeslote om te help met die opbou van die land, wat tydens die oorlog verwoes is. Hy het dadelik aan die werk gespring en geen steen onaangeroer gelaat om *De Volksstem* te heropen nie. Hy het ook onmiddellik aansoek gedoen om toelating as advokaat. Op Donderdag 19 Februarie 1903 is sy aansoek deur die Hooggeregshof toegestaan.[16] Sy pogings om die *Volksstem*-gebou te behou, het misluk, maar die regering het aan Engelenburg die vergunning gegee om een kantoor en die stoor agter die kantore waar sy drukkery ingerig was, vir nog 18 maande gratis te gebruik, wat hom in staat gestel het om in die tussentyd 'n ander heenkome vir sy drukkery te vind.[17] Kort daarna is verlof aan hom toegestaan om *De Volksstem* te heropen. Die eerste na-oorlogse eksemplare het van 11 Maart 1903 verskyn ná 'n plegtige seremonie rondom die ou plat pers waaraan generaals Louis Botha en Jan Smuts ook deelgeneem het. Die koerant het nou as 'n halfweeklikse blad herrys en sou voortaan 'n betekenisvolle rol in die ontstaansproses van die Unie van Suid-Afrika begin speel.[18] *Pretoria News* se redaksie het Engelenburg se terugkoms en die heropening van die koerant verwelkom. Op 11 Maart 1903 het dié koerant berig:

> At the risk of appearing to give Dr. Engelenburg a free advertisement, we should like to say that the reincarnation of the 'Volksstem' is calculated to have considerable bearing upon the attitude of the Boers to the Government.

Die koerant het gemeen dat Engelenburg gelukkig 'n "gentleman" was en dat sy gesonde verstand, sy opvoeding en bekwaamheid hom sou lei op die joernalistieke pad wat hy moes

---

15 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, ongedateerde koerantknipsel uit onbekende koerant.

16 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Toelatingsertifikaat om as advokaat te praktiseer, uitgereik deur die Hooggeregshof aan F.V. Engelenburg, 19.02.1903.

17 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, W.H. Moor – Rooth & Wessels, 24.02.1903.

18 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy.), Bpk. 1873-1960*, p. 21.

volg. *De Volksstem* kon ŉ goeie invloed op die Boere hê en kon bydra tot ŉ gemeenskaplike begrip, naamlik dat dit in almal se belang was om ŉ sterk en verenigde volk te vorm. Maar die koerant kon ook veel skade aanrig. Die *Pretoria News* kon egter nie vir ŉ oomblik dink dat Engelenburg dit sou oorweeg om sy invloed onder die Nederlanders anders te gebruik as vir ŉ grondwetlike doel nie. Deur dit te glo het *Pretoria News* gemeen dat *De Volksstem* se verskyning verwelkom moes word.[19]

Engelenburg se prokureur het intussen met die regering onderhandel om die bedrag van £4 000 vir die Volksstem-gebou na £7 500 te verhoog in die lig daarvan dat die verskuiwing van die koerant se drukkery ŉ groot som geld sou beloop. Die versoek is toegestaan.[20] Engelenburg het vergeefs gesoek na ŉ gebou teen ŉ redelike prys en toe ŉ bejaarde Skot na sy "home" wou terugkeer, het hy hom bereid verklaar om die Caledonian-gebou in St. Andriesstraat, wat toe bekend was as danssaal en kroeg, teen ŉ baie hoë prys aan *De Volksstem* se eienaars te verkoop. Engelenburg en sy vennoot, Izaak Wallach, het nie genoeg geld gehad om die nou dringende transaksie deur te voer nie. Die Posspaarbank het in daardie dae geadverteer dat hulle verbandlenings sou toestaan aan diegene wat dit ook al benodig. Engelenburg het ook aansoek gedoen. Die Milner-amptenare het nie ag geslaan op wie die persoon was wat die lening vir die Caledonian-gebou wou aangaan nie omdat hulle te gretig was om die transaksie te beklink. Dit is ironies dat die Milner-administrasie onbewus behulpsaam was met die finansiering van *De Volksstem*, ŉ aktief anti-Milner-orgaan.[21] Afgesien van die lening wat hulle aangegaan het, moes Engelenburg en Wallach al hulle beskikbare kapitaal gebruik om die gebou te koop. Die gebou was teenoor die destydse Staatsbiblioteek geleë. Volgens Engelenburg wou hulle ŉ "up to date" drukkery en kantore daar inrig. Hulle het werklik hard gewerk om alles in te rig, maar dit sou nog ŉ paar maande duur voor alles gereed was. Die danssaal en die kroeg het hulle behou en uitgebrei en teen ŉ hoë prys verhuur.[22]

---

19 Anon., "The freedom of the press", *Pretoria News*, 12.03.1903.

20 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, W.H. Moor – Rooth & Wessels, 26.03.1903.

21 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebou", *De Volkstem*, 23.05.1917.

22 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.

**Gustav Preller sluit hom by die redaksie aan**

Die bestellings vir drukwerk het geleidelik vermeerder en mettertyd was bykomende personeel en nuwe masjinerie nodig. Engelenburg het dringend na ŉ assistentredakteur gesoek en sy keuse het op Gustav Preller (1875-1943) geval. Hy het reeds voor die ABO onder die indruk van Preller se skryftalent gekom en het soms artikels van hom in *De Volksstem* geplaas. Toe die oorlog uitbreek, het Preller as gewone manskap by die oorlog aangesluit. Engelenburg het hom destyds versoek om vir *De Volksstem* oorlogsberigte te stuur. In Maart 1903, ná minder as nege maande by *Land en Volk*, het Engelenburg vir Preller die pos assistentredakteur by *De Volksstem* aangebied. Preller het die aanbod gretig aangeneem. Hy wou liewer onder Engelenburg werk as om redakteur te wees van die sukkelende *Land en Volk*, wie se eienaar duidelik alle belangstelling verloor het.[23] *De Volksstem* se toekoms het teen daardie tyd nog sorgwekkend daar uitgesien. Die aantal intekenaars was "mikroskopies klein"'.[24] By al die moeilikhede om die nuwe koerantkantore en drukkery in te rig was die Afrikaners ná die oorlog finansieel geruïneer. Hulle kon beswaarlik intekengeld op die koerant bekostig. Adverteerders was huiwerig om hulle steun aan *De Volksstem* te gee omdat die koerant sterk teen Milner en sy planne te velde getrek het. Versigtige besigheidsmanne het geskroom om in die nabyheid van die *Volksstem*-kantore gesien te word.

Engelenburg het in daardie moeilike dae met buitengewone bekwaamheid en takt die stryd teen die Milner-regering gevoer, wat hy bestempel het as ŉ "puur maar duur goewernement".[25] In die tyd van die Kruger-regering het die Engelse pers in Transvaal gepraat van die korrupte Kruger-regering. Die "puur" van Engelenburg was sarkasties bedoel en die "duur" het daarop geslaan dat daar verkwisting onder die Milner-regime was soos die Kruger-regering nooit geken het nie. Die Transvalers was trots op hulle koerant. Wanneer hulle gepraat het van die swaar wat hulle ly, het hulle met aandoening hulle *Volksstem* vir die dag gehaal en gesê: "Maar dit het ons nog!"[26] Oor die Engelse regering se spandabelrigheid so kort ná die oorlog terwyl daar soveel armoede onder die Afrikaners geheers het, het Engelenburg gemeen die koerante

---

23 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 174.
24 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 25.05.1917.
25 Anon., "Dr. Engelenburg tree af. Suid-Afrika se veteraan-joernalis. Helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis", *Die Burger*, 06.10.1924.
26 Anon., "Dr. Engelenburg tree af. Suid-Afrika se veteraan-joernalis. Helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis", *Die Burger*, 06.10.1924.




Illustrasie 60: Opknappingswerk aan die Caledonian-gebou op die hoek van St. Andries- en Vermeulenstraat waar *De Volksstem* se kantore sedert 1903 was. *De Volksstem* se naamborde was toe nog nie aangebring nie. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

het die indruk gewek dat die maatskaplike gevolge van die onlangse bloedige oorlog alles deur een towerslag opgehef was en dat die samelewing op pret maak uit was. Die nuuskolomme van die Johannesburgse pers was vol van geesdriftige beskrywings van elegante St. Patrick-maaltye en dan weer van vrolike danspartytjies, hetsy van amptenare, hetsy van dinamietwerkers of wie ook al ŉ koerantverslaggewer tot vriend gehad het. Die pretsoekende mense het egter uit die oog verloor dat net ŉ paar uur te perd buite die Witwatersrand ŉ skrikwekkende mate van armoede en vertwyfeling onder die Boere bestaan het. Die Afrikaners het hul lot gelate gedra en was stug van geaardheid. Vir geen geld van die wêreld sou hulle hul ellende geadverteer wou hê nie. Volgens Engelenburg sou hulle liewer in armoede leef as om te bedel vir krummels wat van die rykes se tafels val. Hy het die vraag gestel hoeveel Transvaalse en Vrystaatse wesies warm klere kon ontvang uit die koste van een enkele dansparty in die Goudstad.

> Een goede hoorder heeft maar een half woord nodig. – Amen.[27]

Die nuwe goewerneur van Pretoria, luitenant-goewerneur Arthur Lawley (1860-1932), het dit waarskynlik gerade geag om ŉ goeie verhouding met Engelenburg op te bou, want as hoofredakteur van ŉ invloedryke Nederlandse blad sou hy ŉ sleutelrol kon speel om die Engelse taal en die Imperiale gedagte onder die Afrikaners te bevorder. Die uitnodiging van Lawley aan Engelenburg na ŉ dans later daardie jaar het laasgenoemde egter met ŉ baie beleefde briefie van die hand gewys.[28] Hy het hom reeds voorheen uitgespreek oor die Engelse se spandabelrigheid tydens danspartye terwyl die Afrikaners in die grootste ellende verkeer het.

### ***Land en Volk* word verkoop en *De Volksstem* kom weer op dreef**

Marais, Engelenburg en van die Boereleiers het opnuut met mekaar begin onderhandel oor die moontlikheid dat die twee koerante, *De Volksstem* en *Land en Volk*, saamsmelt, met Engelenburg as redakteur. Dié planne is deur ŉ Britse koerant, die *Morning Post*, verongeluk, wat die onderhandelinge in dié koerant aan die groot klok gehang het. Vir Marais was dit ŉ dubbele slag. Nie alleen het hy die geleentheid gemis om teen ŉ goeie prys van *Land en Volk* ontslae te raak nie, maar van toe af was hy in hoër mate by die Britse owerheid verdag.[29] *Land*

---

27 Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 25.03.1903.

28 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjie van goewerneur Arthur Lawley en afskrif van handgeskrewe antwoord van Engelenburg aan Lawley.

29 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 174.

*en Volk* is eindelik aan die Argus Co. verkoop. *De Volksstem* se aanbod van £3 250 is van die hand gewys. Engelenburg het gemeen dat dit beter so was, eerder as dat *De Volksstem* en *Land en Volk* naas mekaar voortbestaan het.[30] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat sy vooroorlogse vennoot, M.P.C. Valter,[31] ook van plan was om ŉ Nederlandse koerant op te rig, maar dat van dié planne niks gekom het nie. Engelenburg het gemeen dat daar nie ruimte was vir meer as een nasionaal gesinde Nederlandse koerant nie.[32]

Charles Wallach, broer van Izaak Wallach, het sy eie drukkery gehad, naamlik Chas. Wallach's Printing and Publishing Works. Engelenburg en Izaak Wallach wou ook boeke uitgee en was in Charles se drukkery geïnteresseerd. Elkeen het ŉ gedeelte daarvan van Charles Wallach gekoop en voortaan sou dit bekend staan as Wallachs' Printing and Publishing Works.[33]

Binne ŉ tydperk van vyf maande was *De Volksstem* weer goed op dreef. Engelenburg het aan mevrou Leyds geskryf dat die koerant goed vooruitgegaan het en dat hy meer lesers as vroeër gehad het, ook in Natal, die Vrystaat en die Kaapkolonie.

> De Volksstem is op weg het meest gelezen Hollandse blad in Z.A. te worden. U begrijpt dat ik hard werken moet. Inmiddels blijft de gezondheid bevredigend en het humeur onder de omstandigheden sterk.[34]

Ook aan Leyds het hy geskryf dat *De Volksstem* vooruitgegaan het in invloed en aan leserstal en dat dit op weg was om die belangrikste Nederlandse koerant in Suid-Afrika te word. Hy het ook ŉ kerkblad, *Die Vereniging*, op baie voordelige voorwaardes vir die NG kerk uitgegee.[35] Die koerant se drukkery was toe nog in die Pretoriusstraat-gebou en moes nog na die nuwe gebou verskuif word.

In Augustus 1903 was *De Volksstem* 30 jaar oud en in die Augustus-uitgawe van *The African World* is onder andere oor Engelenburg geskryf dat hy, as openbare figuur, die invloedrykste

---

30 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.
31 F.V. Engelenburg en M.P.C. Valter het vanaf 1890 ŉ boekhandelsaak bedryf, naamlik De Transvaalsche Boekhandel.
32 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.
33 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en Verenigde Party-versameling, (Charles Wallachversameling), Ongedateerde verklaring van Charles Wallach.
34 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – L.W.S. Leyds, 02.08.1903.
35 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.

posisie in die nuwe kolonies beklee het. Invloed wat hy kon gebruik óf vir goed óf vir kwaad. Nie een van die ander koerante het naby hom gekom wat briljante bekwaamheid of kragtige morele ondersteuning betref nie. In teenstelling met die meeste van die ander bestaande koerante was *De Volksstem* die mees verteenwoordigende blad van een van die grootste permanente politieke faktore in die land, naamlik die pastorale bevolking. *The African World* het die hoop uitgespreek dat Engelenburg die rampspoedige beleid van die ou dae sou vergeet. Hy het ŉ groot en verantwoordelike taak gehad om die Afrikanergemeenskap te lei in vriendelike samewerking met die heersende magte en om die bitter herinneringe van die verlede opsy te skuif vir ŉ helder en voorspoedige toekoms vir almal.[36]

Frederik Rompel was toe nog in Londen en het as buitelandse korrespondent vir *De Volksstem* opgetree; hy moes ook intekenare werf. Volgens ŉ brief wat Engelenburg op 24 September 1903 aan Leyds geskryf het, het Rompel uit Londen laat weet dat daar ŉ plan was om ŉ Londen-Suid-Afrikaanse persburo op te rig en dat Suid-Afrikaanse koerante wat die Afrikaner se saak goedgesind was, ŉ subsidie van £25 per maand sou moes betaal. Volgens Engelenburg het hy aan Abraham Fischer (1850-1913) daaroor geskryf. Dié het positief daarop reageer, en so ook generaal Botha. Hy het die plan ook aan *De Vriend* in Bloemfontein, aan die *S.A. News* en aan *Ons Land* in Kaapstad gestuur. Hy het nie gewaag om dit aan die kleiner koerante, wat die Afrikaners moontlik nie goedgesind was nie, te stuur nie. *De Vriend* en die *S.A. News* het geweier om deel te neem en *Ons Land* het nie eers geantwoord nie. Engelenburg kon nie alleen maandeliks £25 betaal nie en het dit betreur dat daar so min "offervaardigheid" by die ander koerante was. Die doel van die persburo was om persberigte met nuus uit die buiteland wat moontlik patriotiese sentimente onder Afrikaners sou bevorder, na die goedgesinde koerante te stuur, wat dit dan kon plaas. Engelenburg was bereid om £7 te betaal, terwyl £25 nodig was, wat Leyds as die belangrikste finansier gelaat het.[37] Engelenburg het Rompel magtiging gegee om kabelberigte ter versending aan te bied, maar het laat weet dat hy dit nie alleen kon bekostig nie. Die mense met wie hy gepraat het, het ook nie die geldmiddele gehad nie. Hy het dit jammer gevind dat daar nie ŉ Rhodes was wat £300 000 nagelaat het vir politieke doeleindes nie. Hy het aan Rompel geskryf dat die Suid-Afrikaanse Party in die Kaapkolonie al sy geld nodig gehad het vir die komende algemene verkiesing en dat *Land en Volk* in die

36 Anon., "Dr.Engelenbe[u]rg of the 'Volksstem'", *The African World*, 01.08.1903.
37 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.

proses was om verkoop te word. J.S.M. Rabie is intussen by *Land en Volk* ontslaan en Joh. Visser het met sy vrou in Kaapstad sonder inkomste gesit. Visser het om ŉ pos by *De Volksstem* aansoek gedoen, maar Engelenburg kon hom net ŉ administratiewe pos aanbied. Tye was nie goed nie, want onder meer het die spoorwegmaatskappy baie mense ontslaan, en so ook die groot winkels en ander instansies.[38]

**Engelenburg bou "Het Witte Huis"**

Ten spyte van al die probleme by *De Volksstem* om die drukkery op die nuwe perseel te vestig, het Engelenburg in Augustus 1903 eindelik met die bou van sy huis teen Meintjieskop begin. Soos in die vorige hoofstukke gemeld, het Engelenburg in 1898 twee erwe in Arcadia gekoop en in 1900 ŉ aangrensende derde erf wat hoër was as die ander twee. Die huis het hy op die hoër erf gebou. Hy het aan Leyds geskryf dat dit teen die nuwe jaar voltooi sou wees.

> In Kaapkoloniese styl, Constantia, Groote Schuur, u weet wel. Uw oude huis in Pretoriusstraat tans een winkel-rei geworden; Bomen weg, alles weg. De straat reeds vol winkels. En stof!! En Engelsen!![39]

Wat die lening betref wat hy voor die oorlog met Leyds aangegaan het om die grond aan te koop en ŉ huis op te bou, het Engelenburg aan Leyds genoem dat hy hom nie moes bekommer oor die terugbetaling nie. Leyds kon dit enige tyd aanvra indien hy dit nodig gehad het.[40] Engelenburg se plan van voor die oorlog het hy dus laat vaar om ŉ huis in die Italiaanse Renaissance-styl te bou en het op ŉ eg Suid-Afrikaanse ontwerp besluit. Die gewelwoning was ŉ sprekende bewys van Engelenburg se wellewendheid en oog vir skoonheid, met tegelykertyd sy fyn aanvoeling vir toekomstige uitbreiding en goeie belegging. Toe die huis gebou is, het dit buite die dorp gestaan en die inwoners van Pretoria het dit "Engelenburg's Folly" (Engelenburg se gekheid) genoem. Dit is ook spottend "'t Kraaienest"[41] genoem. Mettertyd het dit as "Het Witte Huis" bekend geword. Later sou die Uniegebou en die deftige woonbuurt Bryntirion agter die huis verrys. In dié woning sou Engelenburg in die jare wat kom, vir hom ŉ "kultuureiland" skep om in te woon, honderde kilometers van die naaste hawe. Die Afrikanergemeenskap was teen 1903 kultureel nog onderontwikkel. Hulle het sedert hulle

38 NASA, Pretoria, W.J. Leydsargief (LA), vol. 825, deel II, F.V. Engelenburg – F. Rompel, 26.10.1903.
39 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 31.08.1903.
40 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – L.W.S. Leyds, 02.08.1903.
41 N. Levi, "Dr. Engelenburg's aftreden. Wat de aktieve koeranten-wereld verliest", *Die Volkstem*, 02.06.1931.



Engelenburghuis 1904. Bron: Nationaal Archief, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48.



Illustrasie 61, bo en onder: Engelenburghuis. Die Uniegebou is nog nie gebou nie. Quarrystraat (vandag Edmondstraat) is nog 'n grondpad. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

vestiging in Transvaal ŉ oorlewingstryd gevoer, met die gevolg dat kultuurontwikkeling in sulke omstandighede nie vir hulle ŉ prioriteit was nie. Skilderwerke, mooi meubels, porselein, silwer en glas was die dinge wat vir Engelenburg saak gemaak het. Omdat dit nie in Transvaal te koop was nie, moes hy dit in die Kaap gaan koop, of anders van Europa af invoer. Sy kultuur moes hy in die privaatheid van sy woning uitleef. Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy in sy skik was met sy nuwe woonplek, wat ŉ paar groot kamers en baie lug en ruimte gehad het en ŉ pragtige uitsig oor die stad. Die stad het ooswaarts uitgebrei en rondom hom was ook heelwat huise in aanbou. In die "oude dorp" wou niemand meer woon nie vanweë die beweerde ongesonde toestande.[42] Hy het ook geskryf oor al die uitbreidings wat intussen in die dorp plaasgevind het. Die winkels in Pretoriusstraat is deur ŉ sekere Lilienfeldt gebou en Sunnyside en Arcadia het uitgebrei. Saans was dit benoud in die dorp en bedags stowwerig. Teenoor die Transvaal Hotel het ŉ groot teater verrys.[43] Waar Fields se winkel gestaan het, was die plan om ŉ drieverdiepinggebou op te rig. Waar Kynoch se winkel op die Markplein was, het Sammy Marks ŉ ry hoë kantore en winkels opgerig.[44]

**Kruger sterf en sy begrafnis in Pretoria**

President Kruger se gesondheid in Switserland het intussen agteruitgegaan. Op 14 Julie 1904 het hy gesterf. Die lyk is deur professor Aug Roud gebalsem en op 26 Julie tydelik in die begraafplaas Eik-en-Duinen in die gemeente Loosduinen, Den Haag, begrawe.[45] Vier dae ná Kruger se dood het Engelenburg aan Leyds geskryf dat president Kruger ná die oorlog die wens uitgespreek het om na Suid-Afrika terug te keer, maar dat die Engelse geweier het om hom lewend te laat terugkom.[46] Tydens sy ballingskap is hy vergesel deur enkele familielede, onder wie sy oudste dogter Elsje (1852-1924) en haar man, F.C. (Fanie) Eloff (1850-1924).

Op 15 Julie 1904 het *De Volksstem* ŉ gratis buitengewone uitgawe uitgegee met besonderhede oor die dood van die president. Om ook die publiek die geleentheid te gee om aan die roubeklag mee te doen, kon hulle by die *Volksstem*-kantoor ŉ bedrag geld van hoogstens 2/6[47]

---

42 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.11.1904.
43 Waarskynlik die Pretoria-Operahuis.
44 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.
45 G.C.M. Smit, Die dood en begrafnis van president S.J.P. Kruger. 14 Julie 1904-16 Desember 1904, p. 33. Sien ook NASA, Pretoria, LA, vol. 615, Burgemeester, Gemeente Loosduinen – mnr. Canneel, 25.07.1904.
46 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 18.07.1904.
47 By omskakeling na die desimale geldstelsel 25c.